# HOOFSTUK VII.

## DIE TOELATING VAN LEERLINGE EN DIE WERK IN DIE KINDERTUIN.

In hoofstuk VI is die vrae in Afdeling A van die vraelys, wat op die skole en die leerkragte betrekking het, bespreek. Afdeling B van die vraelys bevat 39 vrae onder die opskrif ALGEMEEN. Van dié 39 word vrae 1 - 12 in hierdie hoofstuk bespreek.

1. Toelatingsouderdom.

(a) Vraag 1. Wat beskou u as die beste toelatingsouderdom vir 'n normale kind?

TABEL 19.

DIE BESTE TOELATINGSOUDERDOM VIR 'N NORMALE KIND.

| Toelatingsouderdom | (i) Al die respondente | | (ii) Respondente met kindertuinopleiding | | (iii) Respondente met meer as 10 jaar ondervinding van kindertuinwerk | | (iv) Respondente in eenmanskole | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| 5-5½ jaar | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 5½ jaar | 44 | 14.6 | 13 | 12.3 | 14 | 17.7 | 1 | 4.6 |
| 6 jaar | 219 | 72.5 | 81 | 76.4 | 55 | 69.6 | 11 | 50.0 |
| 6½ jaar | 173 | 57.3 | 69 | 65.1 | 44 | 55.7 | 12 | 54.6 |
| 7 jaar | 53 | 17.6 | 18 | 17.0 | 16 | 20.3 | 5 | 22.7 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 302 | | 106 | | 79 | | 22 | |

In kolom (i) van tabel 19 word die antwoorde aangegee van die 302 leerkragte (uit 'n moontlike totaal van 306) wat altesaam vraag 1 beantwoord het deur aan te dui wat hulle as die beste toelatingsouderdom vir 'n normale kind beskou. In die vraelys is gemeld dat die leerkragte deskiesend teenoor twéé van die vyf gesuggereerde antwoorde 'n kruisie mag maak. Vandaar dat daar heelwat meer antwoorde as die aantal respondente (302)is. Dieselfde geld vir die groepe (ii),(iii) en (iv).

Uit die gegewens in (i) blyk: (1) dat nie 'n enkele respondent ten gunste daarvan is dat 'n kind tot die skool toegelaat moet word voordat hy die leeftyd van 5½ jaar bereik het nie; (2) dat slegs 14.6% van mening is dat kinders op 5½-jarige leeftyd toegelaat behoort te word en 17.6% meen dat kinders 7 jaar oud moet wees voordat hulle tot die skool toegelaat word; (3) dat 72.5% ten gunste daarvan is dat kinders op 6-jarige leeftyd toegelaat moet word en 57.3% ten gunste daarvan is dat kinders 6½ jaar oud moet wees voordat hulle tot die skool toegelaat word. Met ander woorde, die oorgrote meerderheid van die respondente is van mening dat 6 - 6½ jaar die beste ouderdom vir 'n normale kind is om tot die skool toegelaat te word.

In (ii) word die antwoorde van die 106 respondente wat kindertuinopleiding het, aangegee; in (iii) die antwoorde van 79 respondente wat elk meer as 10 jaar ondervinding van kindertuinwerk het; en in (iv) die antwoorde van 22 respondente wat in eenmanskole werksaam is. By al drie hierdie groepe is die tendens dieselfde soos in die geval van (i), behalwe dat net een leerkrag van 'n eenmanskool (dit is 4.6%) ten gunste daarvan is dat kinders op 5½-jarige leeftyd tot die skool toegelaat word en dat 'n betreklike groot persentasie (22.7) van die respondente in eenmanskole ten gunste daarvan is dat kinders 7 jaar oud moet wees voordat hulle toegelaat word. Albei hierdie afwykings is heeltemal verstaanbaar en kan maklik verklaar word: omdat daar in eenmanskole soms tot sewe verskillende klasse is (van subst. A tot en met st. V), sal die leerkragte dit begryplikerwys nie verwelkom dat kindertjies van 5½ jaar wat nog nie selfstandig kan werk, skool toe kom nie; en aan die ander kant kan kinders van 7 jaar oud selfs in subst. A al heelwat op hul eie verrig terwyl die onderwyser(es) met ander klasse besig is.

(b) Die huidige toelatingsouderdomme in die verskillende provinsies van die Republiek, Suidwes-Afrika en oorsese lande.

In al vier die provinsies en Suidwes-Afrika is die onderste grens van leerplig tans 7 jaar, maar daar is heelwat verskil wat die minimum-toelatingsouderdom betref. In Kaapland en Suidwes-Afrika kan 'n kind tot 'n skool toegelaat word in die jaar waarin hy die ouderdom van ses jaar bereik, mits hy voor of op 30 Junie verjaar, m.a.w. hy moet minstens 5½ jaar oud wees. Die regulasie in die Oranje-Vrystaat kom feitlik op dieselfde neer; daar moet 'n kind ses jaar oud wees, maar as hy die ouderdom van ses jaar voor 1 Julie bereik, kan hy al aan die begin van daardie jaar toegelaat word. In Transvaal en Natal mag 'n leerling in Januarie van die jaar waarin hy die ouderdom van ses jaar bereik, tot die skool toegelaat word, m.a.w. 'n kind wat slegs enkele weke tevore (einde Desember) vyf jaar oud geword het, kan in Januarie tot 'n openbare skool toegelaat word.[1)]

In oorsese lande word daar, blykens gegewens wat deur Beron[2)] ingewin is, nog groter verskille as by die onderwysdepartemente in Suid-Afrika aangetref. Van die 20 lande waaroor Beron gegewens verstrek, is daar net ses wat vir die toelating van kinders onder die ouderdom van ses jaar voorsiening maak. In die meeste van dié 20 lande word daar egter in staatsbeheerde of private kleuterskole vir die vóórskoolse onderrig van leerlinge voorsiening gemaak.[3)]

---

1) Die besonderhede in hierdie paragraaf is vervat in briewe waarna daar in hoofstuk I verwys is en wat die skrywer tussen Maart en Mei 1965 van die verskillende onderwysdepartemente ontvang het.

2) Beron, A. The five-year-old child.

3) Ibid., p. 202 en p. 222.

(c) <u>Proefnemings en beskouings betreffende die beste toelatingsouderdom.</u>

Daar is al soveel proefnemings uitgevoer (veral in oorsese lande) en artikels geskrywe oor die beste ouderdom waarop leerlinge tot die skool toegelaat behoort te word, dat dit 'n onbegonne taak sou wees om binne die bestek van hierdie hoofstuk na almal te verwys. Daar word dus volstaan deur kortliks die beskouings en bevindings van 'n verteenwoordigende aantal opvoedkundiges en/of navorsers van die afgelope tien jaar weer te gee.

In 1955 het King[4)] die prestasies van 'n groep graad VI-leerlinge wie se ouderdomme van 5 jaar en 8 maande tot 5 jaar en 11 maande gewissel het toe hulle die eerste keer tot die skool toegelaat is, vergelyk met dié van 'n ander groep graad VI-leerlinge wie se ouderdomme by toelating van 6 jaar en 5 maande tot 6 jaar en 8 maande gewissel het. Aan die einde van graad VI het die leerlinge in die oudste groep nie alleen skolasties die beste gepresteer nie, maar King het ook vasgestel dat verreweg die meeste van die leerlinge wat een keer in die laerskool moes druip, uit die groep gekom het wat by toelating tot die skool nog nie ses jaar oud was nie.

Carter[5)] het oor 'n tydperk van vyf jaar in sewe openbare skole nagegaan watter uitwerking vroeë toelating tot die skool op die akademiese prestasies van kinders het. Met die oog hierop het hy die prestasies van leerlinge wat by toelating nog nie ses jaar oud was nie, in grade II tot VI vergelyk met dié van leerlinge wat by toelating ses jaar of ouer was. Carter se bevinding was dat 87% van die leerlinge wat by toelating tot die skool nog nie ses jaar oud was

---

4) King, Inez B. Effect of age of entrance into grade I upon achievement in elementary school. <u>The Elementary School Journal</u>, 55 : 331 - 6, Febr. 1955.

5) Carter, L.B. The effect of early entrance on the scholastic achievement of elementary school children in the Austin public schools. <u>Journal of Educational Research</u>, 50 : 91 - 103, Okt. 1956.

nie, se akademiese prestasies swakker was as dié van die leerlinge wat by toelating ses jaar of ouer was. Hierdie tendens het oor die algemeen dwarsdeur die leerlinge se laerskool-loopbaan konstant gebly.

Green en Simmons[6)] se bevinding stem nie ooreen met dié van King of Carter nie. Hulle het die skoolrekord van 213 graad IV-leerlinge nagegaan nadat hulle dié leerlinge in twee groepe verdeel het, naamlik 'n groep leerlinge wat vóór hul sesde verjaarsdag tot die skool toegelaat is en 'n groep leerlinge wat ná hul sesde verjaarsdag op skool gekom het. Omdat die ouderdomsverskil tussen die twee groepe nie groot was nie, is Green en Simmons huiwerig om gevolgtrekkings te maak. Volgens hulle is daar egter nie bewys dat dit vir kinders voordelig sou wees as die toelatingsouderdom verhoog word nie; en nog 'n gevolgtrekking is dat selfs vyfjarige kinders soms baat vind by formele onderrig.

Nimnicht e.a.[7)] beskryf 'n proefneming wat drie jaar geduur het en waarby 9,000 leerlinge betrokke was. Dit het geen afdoende antwoord gelewer op die vraag wat die beste toelatingsouderdom is nie, hoewel die resultate tog aandui dat dit vir 'n kind voordelig is om nie te jonk skool toe te gaan nie.

Dickinson en Larson[8)] het 'n studie onderneem om vas te stel watter uitwerking die chronologiese ouderdom van kinders by toelating op hul latere skoolprestasies het. Die proefnemers het 480 graad IV-leerlinge getoets en bevind dat, hoewel die jongste kinders se I.K.'s hoër as die ouer kinders s'n was, hul prestasies nietemin swakker as dié van die ouer kinders was.

---

6) Green, D.R. & Simmons, S.V. Chronological age and school entrance. The Elementary School Journal, 63 : 41 - 47, Okt. 1962.

7) Nimnicht, G. a.o. Is there a "right" admission age? The Education Digest, 28 : 34 - 36, Mei 1963.

8) Dickinson, D.J. & Larson, J.D. The effects of chronological age in months on school achievement. Journal of Educational Research, 56 : 492-3, Mei-Jun. 1963.

Volgens Boyce is vyfjariges „still too emotionally immature to co-operate with us in a lesson-task ..... still too much of babies and not enough of school-children to accept the responsibility of their share of learning in a set fashion ....." Voorts meld sy dat Mary Gutteridge na baie deeglike navorsing vasgestel het dat kinders om en by hul sesde jaar die vermoë ontwikkel om aandag aan hul lesse te skenk, en dat Charlotte Bühler tot dieselfde slotsom as Mary Gutteridge geraak het en hierdie vermoë by kinders „werkrypheid" noem.[9)]

Gesell en Ilg beskou vyfjariges ook nog nie gereed vir gewone graad I- (of subst. A-) werk nie:

> Five is a kind of finishing age which brings to a conclusion the pre-school years. We do not think of the 5-year-old as a school-beginner, but rather as a completed pre-school child, who is well organized within his limits, without, however, being maturationally ready for the first grade.[10)]

Veral vandat vyfjarige leerlinge sedert 1951 in Transvaalse skole toegelaat mag word, is daar deur verskeie navorsers ondersoek ingestel na die beste toelatingsouderdom, want die besluit van die owerheid het, in die woorde van prof. B.F. Nel, twyfel laat ontstaan „of 'n deeglike wetenskaplike ondersoek dit (die besluit) voorafgegaan het."[11)]

Beron wou o.a. vasstel hoe vyfjarige kinders as groep vergelyk met kinders wat al ses jaar of ouer is wanneer hulle tot die skool toegelaat word. Sy bevinding was dat die meeste vyfjariges verstandelik in staat is om goed op formele onderrig in lees en meganiese rekenkunde te reageer, en dat hulle emosioneel net so goed aanpas soos kinders wat al ses jaar oud is wanneer hulle tot die skool toegelaat word.[12)] Later voeg hy egter by dat skoolhoofde en onderwyseresse, wat voel dat die kinders te vinnig

---

9) Boyce, E.R. The first year in school, p. 134-5.

10) Gesell, A & Ilg, Frances L. The child from five to ten, p. 377.

11) Nel, B.F. 'n Kritiese beskouing oor die onderwys van die 5-6-jarige kind, met verwysing na die huidige beleid in Transvaalse skole. <u>Tydskrif vir Wetenskap en Kuns</u>, 11 : 219, Okt. 1951.

12) Beron, A., op. cit., p. iv.

aangestoot word, „are not so much concerned with the percentage of brighter children, as with those who struggle unhappily because they are not ready."[13)]

P.J. Greyling het in sy ondersoek die skoolprestasies van ongeveer 300 standerd III- en IV-leerlinge wat hul onderwys onderskeidelik op vyf- en sesjarige leeftyd begin het, vergelyk. Sy bevinding was dat die groter rypheid van die sesjariges 'n beslissende rol speel, en wel in so 'n mate dat 'n groep vyfjarige leerlinge 'n „betreklik hoër" gemiddelde I.K. as die groep sesjarige leerlinge moet hê om in dieselfde standerd gelyk te presteer. „Op grond van die swakker prestasies van die vyfjariges wil die skrywer beweer dat dit beter is om 'n kind op sesjarige ouderdom in plaas van vyfjarige ouderdom sy aanvangsonderwys te laat begin."[14)]

Magdalena J. Grey het 'n studie gemaak van die agtergrond en aanpassingsprobleme van 'n groep minder bevoorregte leerlinge wat op vyfjarige leeftyd tot die skool toegelaat is. Haar slotsom is dat dit wil voorkom asof dit vir vyfjarige leerlinge van daardie stadsgebied beter is om op so 'n jeugdige ouderdom skool toe te kom, nieteenstaande al die nadele daaraan verbonde. Sy voeg egter by dat die ideale toestand sou wees dat dié kinders kleuterskole besoek, „maar aangesien die fasiliteite daarvoor ontbreek, behoort die gewone skole daardie leemte te oorbrug deur die daarstelling van spesiale kleuterafdelings." [15)]

C.M. Blignaut het nie 'n ondersoek uitgevoer nie, maar bespreek in 'n reeks artikels in „Onderwysblad" die posisie van die vyfjariges. Sy beklemtoon die belangrikheid van

---

13) Ibid., p. 237.

14) Greyling, P.J. 'n Vergelykende ondersoek na die skoolprestasies van vyf- en sesjarige skoolbeginners in st. III en IV. (In Opvoedkundige Studies, nr. 26, jrg. 8, p. 60.)

15) Grey, Magdalena J. 'n Opvoedkundig-sosiologiese ondersoek van die lewensomstandighede van leerlinge wat voor skoolpligtige ouderdom tot die skool toegelaat is, p. 171.

die emosionele en liggaamlike ontwikkeling van die kind en spreek dit as haar oortuiging uit dat 6½ jaar die beste ouderdom is om 'n kind skool toe te stuur.[16) M.C. du Plessis, wat ook in 'n reeks artikels in „Onderwysblad" die posisie van vyfjariges bespreek, lê klem op die waarde van kleuterskole in die ontwikkeling van die vyfjarige[17) en op grond van waarneming in die skool waaraan hy verbonde is, kom hy tot die gevolgtrekking dat skoolrypheid eerder op sesjarige as op vyfjarige ouderdom verwag kan word.[18)
Volgens W.J.C. Visser sou dit baie verstandiger wees om kinders eers op 6- of 6½-jarige leeftyd skool toe te stuur; en, al is 'n kind ook intelligent, hoort hy „om emosionele redes" op vyfjarige ouderdom nog by die huis.[19) J.G. Garbers sluit 'n artikel oor skoolgereedheid af met die stelling dat „strenge ouderdomsgrense vir skooltoetrede nie vasgestel kan word nie."[20) Volgens F.J. Potgieter, wat navorsing oor die vraagstuk van skoolrypheid gedoen het, moet die idee dat kinders op vyfjarige leeftyd reeds skoolryp is en tot die aanvangsklas toegelaat behoort te word, subiet verwerp word. „Die meeste outeurs kom hieroor ooreen dat skoolrypheid of skoolinskakelingsbekwaamheid eers van die sesde jaar af duidelik sigbaar word by kinders."[21)

In 'n artikel in 'n onderwysblad het 'n mediese dokter, Vera Bührmann, die mening uitgespreek dat slegs in uitsonderlike gevalle 'n 5- tot 5½-jarige kind in alle opsigte -

---

16) Blignaut, C.M. Wat van ons vyfjariges? Onderwysblad, 61 : 293, Okt. 1957.

17) Du Plessis, M.C. Die vyfjarige kind op skool. Onderwysblad, 61 : 297, Okt. 1957.

18) Ibid., 61 : 423, Jan. 1958.

19) Visser, W.J.C. Ons stuur ons kinders te vroeg skool toe! Die Huisgenoot, 40 : 25, 28 Mei 1956.

20) Garbers, J.G. Skoolgereedheid. Onderwysblad, 70 : 446, Maart 1964.

21) Potgieter, F.J. 'n Oorsig oor die vraagstuk van skoolrypheid. (In Opvoedkundige Studies, nr. 36, jrg. 10, p. 74.)

liggaamlik, geestelik, verstandelik, sosiaal en emosioneel - die nodige rypheid besit om baat te vind by formele onderrig. Volgens haar sal dit in die meeste gevalle meer kwaad as goed doen indien daar te vroeg met formele onderrig 'n aanvang gemaak word.[22] Minstens een onderwyseres, Isabel Humphrey, het op dr. Bührmann se artikel gereageer. Sy beweer dat die verskil tussen vyf- en sesjarige kinders in Suid-Afrika oorbeklemtoon word en wys daarop dat vyfjariges dikwels baie meer rypheid besit as sesjariges wat wel tot die skool toegelaat word.[23]

Ook in Kaapland is daar al dikwels menings uitgespreek oor die beste ouderdom waarop leerlinge tot die skool toegelaat behoort te word. Die meeste skrywers is dit eens dat 'n normale kind nie behoort skool toe te gaan voordat hy die ouderdom van minstens ses jaar bereik het nie. Ons noem net 'n paar: Volgens J.N. Smit kan die meeste kinders op sesjarige leeftyd skool toe gaan om voorbereidende en formele onderwys te kry;[24] H.E. van Zyl verlang dat 'n kind sy skoolloopbaan so na as moontlik aan die leeftyd van ses jaar sal begin;[25] mej. Alida M. Ball verklaar dat 'n kind die ouderdom van ses jaar, beide verstandelik en chronologies, behoort te bereik voordat hy behoorlik baat kan vind by die formele onderrig in die basiese vakke;[26] en P.K. Kleinhans, wie se kriteria liggaamlike gereedheid, verstandelike bekwaamheid, emosionele rypheid en ervaringsagtergrond is, beveel aan, op grond van „navorsing en onderwyservaring", dat 'n kind op die ouderdom van ongeveer 6½ jaar skool toe gestuur moet word.[27]

22) Bührmann, Vera. The five-year-old at school. <u>The Transvaal Educational News</u>, 47 : 14, Mei 1951.

23) Humphrey, Isabel. Why shouldn't we have the five-year-olds? <u>The Transvaal Educational News</u>, 47:8, Jun. - Jul. 1951.

24) Smit, J.N. Die gewenste ouderdom wanneer met formele onderwys begin behoort te word. <u>Die Unie</u>, 44 : 91, Okt. 1948.

25) Van Zyl, H.E. Ons tweejarige kindertuinkursus moet vervang word met 'n eenjarige kindertuinkursus, III. <u>Die Unie</u>, 48 : 157, Jan. 1953.

26) Ball, Alida M. Gereed vir skool? <u>Alpha</u>, 3:8, Jan.1965.

27) Kleinhans, P.K. Wanneer is die geskikste tyd om 'n leerling na skool te stuur? <u>Die Unie</u>, 53 : 268, Maart 1957.

In 'n referaat wat mej. E.D. Aitken, van die Skoolkliniek in Bellville, in 1955 op die S.A.O.U.-Kongres gelewer het, bespreek sy die sosiale en emosionele aanpassing wat die skoollewe van elke kind eis, asook die hoë eise wat aan sy verstandelike bekwaamheid gestel word, en kom tot die gevolgtrekking dat die ouderdom van ses jaar onder die huidige stelsel die geskikste vir toelating tot die skool is. Die belangrikste feit bly na haar mening egter dat daar met so 'n groep leerlinge van ses jaar oud voorsiening gemaak moet word vir „'n groot verskeidenheid van verstandsouderdomme en vir 'n groot verskil in die mate van vordering in verstandelike en emosionele ontwikkeling."[28)]

Mej. A. Witte, van die Mowbrayse Oefenskool, vertel in „Education" van 'n artikel deur dr. K. Werner in die Duitse tydskrif, „Welt der Frau." Volgens dié artikel is daar gedurende die afgelope jare in Duitsland op groot skaal kleuterklasse gestig wat deur kinders bygewoon kan word totdat hulle die nodige rypheid vir gewone skoolwerk besit. Mej. Witte stel dan die vraag of die oplossing van die probleem betreffende die opvoeding van vyfjariges in Suid-Afrika nie ook in die stigting van kleuterklasse geleë is nie.[29)] Die hoof van 'n laerskool in Kaapstad, D.H. Nelson, steun hierdie gedagte. Na 'n objektiewe bespreking van die toelatingsouderdom van leerlinge in Kaaplandse skole stel hy dit as sy oortuiging dat 'n kind van vyf jaar oud nog nie die verstandelike, emosionele, sosiale en fisiese ontwikkeling bereik het wat in die gewone skool vereis word nie. Nelson se raad aan ouers is dan om hul vyfjarige kinders na goeie kleuterskole te stuur.[30)]

---

28) Aitken, E.D. Probleme van die kindertuin. (In Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Kleinkinderonderwys. Lesingreeks nr. 2, 2e dr., p. 11)

29) Witte, A. School admission age. Education, 73 : 134, Mei 1963.

30) Nelson, D.H. Enrolment and the age factor. Education, 73 : 349 - 50, Nov. 1963.

(d) Samevatting.

Uit die bespreking in die paragrawe hierbo blyk dat daar nog geen eenstemmigheid met betrekking tot die beste toelatingsouderdom vir 'n normale kind is nie. Algehele eenstemmigheid sal beslis nie maklik bereik kan word wat chronologiese ouderdom betref nie, aangesien daar aan die een kant met individuele verskille by kinders rekening gehou moet word en daar aan die ander kant wel deur die owerheid 'n toelatingsouderdom vasgestel moet word. Rowland en Nelson stel die probleem baie duidelik:

> Actually, some children may be ready for school at five years of age. Others are ready at six - or at seven. Inflexible age requirements of school admission may work to the disadvantage of all these boys and girls - barring some because they are too young, insisting that others be in the classroom simply because, according to the calendar, they are old enough.[31)]

Ten spyte van die gebrek aan eenstemmigheid is dit tog duidelik dat die meeste opvoedkundiges of navorsers ten gunste daarvan is dat kinders op die ouderdom van 6 tot 6½ jaar tot die skool toegelaat moet word. Dit is ook in ooreenstemming met die mening van verreweg die meeste van die 302 respondente soos vervat in die gegewens in tabel 19 wat aan die begin van hierdie hoofstuk verstrek is. Daarvolgens is 72.5% ten gunste daarvan dat kinders op 6-jarige leeftyd toegelaat word, 57.3% ten gunste van toelating op 6½-jarige leeftyd en slegs 14.6% ten gunste van toelating op 5½-jarige leeftyd.

Dr. A.M. Grey se bewering dat die navorsing oor hierdie aangeleentheid nie as toereikend beskou kan word nie,[32)] geld nog steeds en vir Kaapland geld dit in 'n

---

31) Rowland, T.D. & Nelson, C.C. Off to school - at what age? The Elementary School Journal, 60 : 18, Okt. 1959.

32) Grey, Alida M. Aanvangsonderwys in Suid-Afrika, p. 240.

veel hoër mate as vir Transvaal. Slegs na verdere en deeglike ondersoek kan die probleem nader aan 'n oplossing gebring word. Intussen verdien die stigting van meer kleuterskole en die instelling van kleuterklasse, soos deur verskeie opvoeders bepleit,[33] die ernstige aandag van die onderwysowerheid. Dat dit alreeds die aandag van die owerheid geniet, blyk o.a. uit 'n toespraak wat mnr. S. Theron, Adjunk-S.G.O., op 21 Augustus 1964 in Kaapstad gehou het en waarin hy die vraag stel of dit nie „dringend noodsaaklik geword het" dat kinders reeds op die ouderdom van 4½ tot 5 jaar ook in Kaapland tot voorskoolse of kleuterklasse toegelaat word nie.[34]

2. Skoolrypheidstoetse.

Vraag 2. Ag u 'n skoolrypheidstoets (of skoolgereedheidstoets) wenslik wanneer 'n leerling die eerste keer tot die skool toegelaat word?

TABEL 20.

DIE WENSLIKHEID VAN 'N SKOOLRYPHEIDSTOETS.

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 192 | 66.7 |
| Nee | 53 | 18.4 |
| Weet nie/kan nie sê nie | 43 | 14.9 |
| TOTAAL | 288 | 100% |

Presies twee-derdes van die 288 respondente, naamlik 192 (of 66.7%), ag 'n skoolrypheidstoets wenslik, 18.4% ag dit nie wenslik nie en 14.9% weet nie, m.a.w. hulle huldig nie juis 'n mening hieromtrent nie. Verskeie leerkragte het bygeskrywe, en daar is beslis heelwat vir hul standpunt te sê, dat toetsing wanneer kinders die eerste keer skool toe kom, na hul mening nie betroubaar is nie, aangesien

---

33) Vide supra. Sien ook Education, 75 : 171, Jun. 1965; en 75 : 277, Sept. 1965.

34) Theron, S. Verslag van 'n toespraak. Die Burger, 22 Aug. 1964, p. 11.

dit dikwels gebeur dat leerlinge eers ontluik wanneer hulle drie of selfs ses maande op skool is.

Van die onderwyseresse wat kindertuinopleiding gehad het, het 75.5% hulle ten gunste van skoolrypheidstoetse uitgespreek, terwyl 76.9% van die respondente wat aan voorbereidingskole verbonde is, ten gunste van sodanige toetse is. Slegs in die geval van een- en tweemanskole is minder as die helfte van die respondente, naamlik 46.5%, ten gunste van skoolrypheidstoetse. Een onderwyseres in 'n eenmanskool was eerlik genoeg om by te skrywe: „Ek het reeds so min leerlinge dat ek nie nog kan sif nie, maar almal inskryf wat wil skool toe kom."

Dit is al baie jare dat daar in onderwyskringe in Kaapland daarop aangedring word dat kinders 'n skoolgereedheidstoets moet aflê voordat hulle formele onderrig kry. In die verlede is die beskikbare toetse egter nie allesins geskik geag nie,[35] maar blykens die S.G.O. se antwoord op 'n besluit van die S.A.O.U.-Kongres wat in 1962 gehou is, wil dit voorkom asof daar nou vordering met betrekking tot hierdie aangeleentheid gemaak word. In die genoemde besluit het die S.A.O.U., gesteun deur die S.A.T.A., die Departement versoek „om meer wetenskaplike voorligting in verband met ryping en gereedheid vir formele onderrig by die kind in sy aanvangsjaar te verskaf." Hierop was die S.G.O. se antwoord: „Gestandaardiseerde Skoolgereedheidstoetse is nou beskikbaar en die Sielkundige Diens van die Departement kan aan die saak nou aandag gee."[36]

Dr. James L. Hymes, Jr., betwis nie die waarde van skoolrypheidstoetse nie, maar maan nietemin tot versigtigheid wat die vertolking van sodanige toetsresultate betref. Hy beweer dat rypheidstoetse slegs aandui wat 'n kind kán doen,

---

35) Vgl. Stander, G. Skoolrypheid en groepering in die kindertuin. Die Unie, 60 : 148, Sept. 1963.

36) Die Unie, 60 : 26, Jul. 1963.

nie wat hy lus voel om te doen of sál doen nie en vervolg dan: „Such tests measure power, but not desire, and readiness is a combination of both." Volgens Hymes is daar 'n veiliger metode om vas te stel of kinders gereed is vir formele onderrig. Dit is deur hulle lank genoeg waar te neem en op te let wat hulle doen, waarin hulle belang stel en wat hul verveel.[37] Hiervoor is daar egter kleuterskole of -klasse nodig.

Van Gelder[38] noem die volgende kriteria wat by 'n beoordeling van skoolrypheid in ag geneem moet word: (1) Liggaamlike ontwikkeling; (2) losmaking van die moeder; (3) selfstandige keuse van werk; (4) uitvoer van 'n opdrag; (5) konstantheid van die arbeidsprestasie; (6) geordendheid in handeling en denke; (7) ontwikkeling van die verstandelike prestasies.

J.N. Smit het in 1950 al daarvoor gepleit dat voorskoolse kinders in kleuterskole en -klasse georganiseer moet word, sodat hulle tot beskikking van die opvoeders is „om met behulp van toetse en individuele studie hul gereedheid vir formele onderwys vas te stel."[39] Dit is 'n gedagte wat stellig verdere oorweging en ondersoek verdien; en, afgesien van die finansiële implikasies, behoort dit in stede en op dorpe prakties uitvoerbaar te wees. In die dun bevolkte plattelandse gebiede van Kaapland is daar egter faktore wat die stigting van kleuterskole en selfs van kleuterklasse by bestaande skole sal bemoeilik.

---

37) Hymes, J.L., Jr. How can you tell about readiness? Grade Teacher, 80 : 85, Maart 1963.

38) Van Gelder, L. Ontsporing en correctie; een inleiding tot de schoolpsychologie, p. 31 - 33.

39) Smit, J.N. Wanneer is 'n kind gereed om met formele onderwys te begin? Ons Kleintjie, 1 : 18, Mei 1950.

3. <u>Toelatingsdatum(s) vir skoolbeginners.</u>

<u>Vraag 3</u>. Is u ten gunste daarvan dat leerlinge nie net in Januarie nie, maar ook in Julie, vir die eerste keer tot die skool toegelaat word?

Vroeër kon kinders enige tyd van die jaar tot die skool toegelaat word en in 1922 het een van die kindertuininstruktrises, mej. E. Tismeer, nog hieroor gekla.[40)] Op die S.A.O.U.-Kongres van 1928 is die kwessie van toelatingsdatums bespreek en, hoewel 'n kommissie van die S.A.O.U. aanbeveel het dat kinders enige tyd van die jaar toegelaat behoort te word, was sommige kongresgangers van mening dat kinders net een maal per jaar of hoogstens elke ses maande toegelaat moes word.[41)] Die Liebenberg-komitee se eenparige aanbeveling dat kinders net een maal per jaar ingeskrywe mag word,[42] is deur die S.G.O. aanvaar en sedert 1 Januarie 1957 geld die reël dat kinders onder die ouderdom van sewe jaar (d.w.s. diegene wat nog nie skoolpligtig is nie) „op geen ander tydstip as aan die begin van die eerste skoolkwartaal van 'n jaar toegelaat word nie ....."[43)]

<u>TABEL 21.</u>

<u>MOET SKOOLBEGINNERS IN JULIE OOK TOEGELAAT WORD?</u>

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 10 | 3.4 |
| Nee | 277 | 93.2 |
| Weet nie/huldig nie 'n besliste mening nie | 10 | 3.4 |
| TOTAAL | 297 | 100% |

Tabel 21 toon aan dat slegs 3.4% van die 297 respondente ten gunste daarvan is dat leerlinge nie net in Januarie nie, maar ook in Julie, vir die eerste keer tot die skool toegelaat mag word; dat 3.4% geen besliste mening hieromtrent huldig nie; en dat die oorgrote meerderheid, naam-

40) S.G.O.-verslag, 1922, p. 129.
41) Die Unie, 23 : 234 en 236, Febr. 1929.
42) Verslag van die Liebenberg-komitee, 1956, p. 8.
43) Die Onderwysgaset, 55 : 2160, 29 Nov. 1956.

lik 93.2%, van mening is dat skoolbeginners net in Januarie toegelaat behoort te word. Hierdie mening kan ons volmondig onderskryf. Trouens, die toelating van 'n aantal beginnertjies in Julie kan slegs geregverdig wees indien daar 'n afsonderlike onderwyseres vir hulle afgestaan kan word,[44] en dit sal natuurlik slegs in groot skole moontlik wees. H.E. van Zyl se standpunt, naamlik dat leerlinge waar enigsins moontlik net in Januarie toegelaat moet word, is opvoedkundig gesond. Soos hy aantoon, is die toelating van individuele leerlinge in die loop van die jaar, of selfs 'n groep aan die begin van die derde kwartaal, selde bevredigend. „Sulke leerlinge moet òf ingepas word by 'n klas wat reeds 'n ent weg is met hul werk, òf 'n heeltemal nuwe klas op hulself vorm en moet òf oorhaastig deur die aanvangsonderwys jaag òf vir 'n deel van die kalenderjaar die pas markeer om by 'n ander klaseenheid aan te sluit."[45]

4. <u>Die duur van die kursus vir die substanderds.</u>

<u>Vraag 4.</u> Hoe lank behoort 'n leerling na u mening normaalweg in die substanderds te bly?

<u>TABEL 22.</u>

<u>HOE LANK BEHOORT 'N KIND IN DIE SUBSTANDERDS TE BLY?</u>

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| 2 jaar | 263 | 85.9 |
| 1½ jaar | 10 | 3.3 |
| 1 jaar | 33 | 10.8 |
| TOTAAL | 306 | 100% |

Tabel 22 toon aan dat verreweg die meeste van die 306 respondente, te wete 263 (of 85.9%), ten gunste daarvan is dat 'n leerling normaalweg twee jaar in die substanderds behoort te bly. Slegs 3.3% is van mening dat 'n leerling 1½ jaar in die substanderds behoort te bly en 10.8% meen

44) Vgl. Aitken, E.D., op. cit., p. 13.

45) Van Zyl, H.E. Ons tweejarige kindertuinkursus moet vervang word met 'n eenjarige kindertuinkursus, III. <u>Die Unie</u>, 48 : 155, Jan. 1953.

'n normale leerling het nie meer as een jaar nodig om subst. A en subst. B te deurloop nie.

Die sienswyse van die oorgrote meerderheid van die respondente is in ooreenstemming met die aanbeveling van die Departement wat in die volgende „wenke i.v.m. bevordering in die kindertuinklasse" voorkom:

> Die kind wat op 5½-jarige ouderdom skool toe kom, selfs al het hy 'n hoër verstandsouderdom, behoort nie toegelaat te word om substanderds A en B in minder as twee jaar te voltooi nie, tensy hy uiters begaafd is en die Omgangsinspekteur sy toestemming daartoe gee.[46)]

Die Nicol-kommissie het aan hierdie aangeleentheid aandag geskenk en bevind dat daar groot verskil van mening bestaan oor die tyd wat die twee grade in beslag moet neem: 12 maande, 18 maande of twee jaar. Volgens die kommissie sal daar gewoonlik twee jaar nodig wees vir die grade, maar in baie gevalle sal 'n slim kind standerd II binne drie jaar na toelating tot die skool voltooi.[47)]

In 1948 het 'n onderwyseres, mej. A.C. Fourie, in 'n brief aan „Die Skoolblad" redes verstrek waarom kinders nie minder as twee jaar in die grade (of substanderds) behoort te bly nie en veral die noodsaaklikheid beklemtoon van voldoende tyd om beginnertjies die basiese rekenkundige begrippe te laat leer.[48)] Vier ander leerkragte het op mej. Fourie se brief gereageer en al vier stem met haar saam dat twee jaar nodig is vir die werk in die substanderds. Een onderwyseres, mej. H. Postma, voeg by dat een jaar lank genoeg sou wees vir „'n klas van hoogstens twaalf puik leerlinge", maar nie waar daar leerlinge met „gemengde grade van verstandsvermoë" in dieselfde klas is nie.[49)] 'n Ander onderwyseres, wat onder die skuilnaam „Mart" skrywe, doen die onrusbarende mededeling dat al die leerlinge wie se

---

46) Inleiding tot die leerplanne en wenke by die onderwys, dl. I, 4e dr., 1963, p. 38.

47) Nicol-verslag, 1939, p. 76, par. 246.

48) Fourie, A.C. 'n Brief in Die Skoolblad, 36 : 4-5, Aug. 1948.

49) Die Skoolblad, 36 : 6, Sept. 1948.

loopbane sy gevolg het nadat hulle slegs een jaar in die substanderds was, in die hoër klasse 'n standerd moes herhaal.[50)]

H.E. van Zyl is sterk gekant teen 'n tweejarige kindertuinkursus in Kaaplandse skole. Volgens hom sou dit verstaanbaar wees vir kinders wat op die ouderdom van 5 of 5½ jaar in die skool kom, „maar die oorgrote meerderheid van ons kinders kom nie so jonk skool toe nie."[51)] Hy noem die instelling van twee substanderds 'n „wanpraktyk" en pleit vir 'n „eenjarige kindertuinkursus" vir Kaapland.[52)]

Van Zyl wil dus verder gaan as die Onderwysdepartement se aanbeveling. Die Departement is ten gunste daarvan dat 'n kind wat op 7-jarige ouderdom skool toe kom, toegelaat word om substanderds A en B in een jaar af te lê, mits sy verstandsvermoë dit toelaat; maar vir kinders tussen die ouderdomme 5½ - 7 jaar is die Departement se aanbeveling soos volg:

> Die kind wat op 5½+ jaar skool toe kom en gedurende die hele jaar geen teken van rypheid vir formele onderrig in lees, skrif en reken toon nie, behoort nie aan die einde van die jaar na substanderd B bevorder te word nie .....[53)]

Daar sal altyd 'n betreklike klein persentasie leerlinge wees wat substanderds A en B met gemak in een jaar kan voltooi; net soos 'n sekere persentasie meer as twee jaar daarvoor nodig het. In die betrokke vraag in die vraelys kom egter die woord „normaalweg" voor en ons kan met vrymoedigheid saamstem met die 85.9% van die respondente wat van mening is dat 'n leerling normaalweg twee jaar in die substanderds behoort te bly. Dit is in ooreenstemming met die standpunt van P.J. Rossouw, in lewe Hoofinspekteur van die Kaaplandse Onderwysdepartement, wat dit só gestel het:

---

50) Ibid., p. 7.

51) Van Zyl, H.E. Die reorganisasie van Kaapland se skoolstelsel, p. 125.

52) Ibid., p. 206 - 207. Sien ook Die Unie, 48 : 155-58, Jan. 1953.

53) Inleiding tot die leerplanne en wenke by die onderwys, dl. I, 4e dr., 1963, p. 38 - 39.

Dit is wenslik dat die normale leerling wat op die ouderdom 5½ of 6 jaar op skool kom, twee jaar in die aanvangs- en oorgangstadia sal deurbring, sodat sy kennismaking met die basiese vaardighede deeglik sal wees en dit nie nodig sal wees om hom te vinnig aan te dryf nie. So is die leerplanne dan ook ingestel.[54)]

5. <u>Behoort 'n kindertuinonderwyseres elke jaar vir dieselfde standerd onderwys te gee?</u>

(a) <u>Vraag 5.</u>

In 'n groot skool waar die leerlinge in subst. A, subst. B en st. I afsonderlike onderwyseresse het, gebeur dit soms dat 'n onderwyseres met 'n klas van subst. A tot subst. B of selfs tot st. I deurgaan; maar in ander groot skole gee 'n onderwyseres elke jaar vir dieselfde standerd onderwys, d.w.s. elke jaar subst. A, of elke jaar subst. B, of elke jaar st. I.

In vraag 5 is die leerkragte gevra of hulle ten gunste van laasgenoemde reëling is, naamlik dat 'n kindertuinonderwyseres elke jaar vir dieselfde standerd onderwys gee.

<u>TABEL 23.</u>

<u>MOET 'N KINDERTUINONDERWYSERES ELKE JAAR VIR DIESELFDE STANDERD ONDERWYS GEE?</u>

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 223 | 76.6 |
| Nee | 68 | 23.4 |
| TOTAAL | 291 | 100% |

Uit tabel 23 blyk dat 291 leerkragte vraag 5 beantwoord het, dat 223 van hulle (76.6%) ten gunste daarvan is dat 'n kindertuinonderwyseres elke jaar vir dieselfde standerd onderwys gee en dat 68 respondente (23.4%) ten gunste daarvan is dat 'n onderwyseres met 'n klas van subst. A tot subst. B of selfs tot standerd I deurgaan. Laasgenoemde is wat in Engeland „vertical grouping" genoem word en het 'n sterk pleitbesorger in mev. E.M. Lawson, dosente aan die

54) Rossouw, P.J. Bevordering in en uit die primêre skool, II. <u>Die Unie</u>, 52 : 223, Febr. 1956.

Nottinghamse Opleidingskollege in Engeland. Volgens haar is die stelsel nie net vir die kinders voordelig nie, maar het dit ook 'n heilsame uitwerking op die onderwyseresse en spoor dit hulle aan om hul professionele vaardigheid te verbeter.[55) In die Hadow-verslag word dit nie sonder meer aanbeveel nie en die bespreking daarvan word soos volg afgesluit: „This system of organisation obviously calls for special gifts in the teacher ....."[56) In Suid-Afrika word die stelsel nie dikwels aangetref en is daar ook nog nie veel daaroor geskryf nie. Mev. C.M. Blignaut is een van diegene wat haar al daarteen uitgespreek het.[57)

(b) Vraag 6.

In vraag 6(a) is die leerkragte wat by vraag 5 Ja geantwoord het, gevra om die redes vir hul antwoord te verstrek; en in vraag 6(b) is diegene wat by vraag 5 Nee geantwoord het, gevra om hul redes te verstrek.

TABEL 24.

REDES VIR 'N BEVESTIGENDE ANTWOORD OP VRAAG 5.

| Redes (Ja) | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) Die onderwyseres raak meer bedrewe | 158 | 70.9 |
| (2) 'n Doeltreffende voorraad leermiddels kan opgebou word | 122 | 54.7 |
| (3) 'n Swak onderwyseres kan 'n klas nie soveel skade berokken nie. | 63 | 28.3 |
| (4) 'n Verandering van onderwyseres is goed | 93 | 41.7 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 223 | |

55) Lawson, E.M. Vertical grouping. Verslag van 'n toespraak. The Times Educational Supplement, nr. 2556, p. 1357, 15 Mei 1964.

56) Hadow-verslag, Infant and nursery schools, 1933, p. 138 - 9.

57) Blignaut, C.M. Wat van ons vyfjariges? Onderwysblad, 61 : 432, Jan. 1958.

TABEL 25.

REDES VIR 'N ONTKENNENDE ANTWOORD OP VRAAG 5.

| Redes (Nee) | Aantal leer-kragte | % |
|---|---|---|
| (1) Anders raak die onderwyseres in 'n groef | 26 | 38.2 |
| (2) Daar is nie elke jaar opnuut aanpassing nodig nie | 30 | 44.1 |
| (3) Die onderwyseres kan dadelik met die werk voortgaan | 51 | 75.0 |
| (4) Die onderwyseres ken die leerlinge se bekwaamhede en tekortkominge | 38 | 55.9 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 68 | |

(i) Tabel 24 bevat die vier vernaamste redes waarom 223 respondente op vraag 5 Ja geantwoord het, m.a.w. waarom hulle nie ten gunste van „vertical grouping" is nie. Dit is moeilik om te verklaar waarom net 63 van die 223 respondente (28.3%) die volgende as 'n rede vir hul antwoord noem: „'n Swak onderwyseres kan 'n klas nie soveel skade berokken nie." Dit is onses insiens juis 'n uiters belangrike rede waarom 'n skoolhoof huiwerig sou wees om elke onderwyseres met 'n klas van subst. A tot st. I te laat deurgaan, want as 'n klas aan 'n swak onderwyseres toevertrou word, beteken dit dat daardie groep leerlinge drie jaar lank onberekenbare skade berokken kan word. Mellor beskou dié moontlikheid as die enigste nadeel wat aan hierdie stelsel verbonde is en stel dit só:

> There is one possible disadvantage in this vertical classification. Any unevenness in the ability and special gifts of the teachers will react unfairly upon certain children if they remain with one teacher throughout the infant school course.[58)]

58) Mellor, Edna. Education through experience in the infant school years, p. 206.

Benewens die redes wat in tabel 24 aangegee word, is die volgende drie ook deur kleiner groepe leerkragte verstrek: „Nuwe aanpassing is goed vir leerlinge se ontwikkeling" (4 respondente); „'n onderwyseres sal 'n nuwe skooljaar telkens met groter geesdrif begin as sy 'n klas met nuwe leerlinge het" (3); „dit kan maklik gebeur dat 'n knap subst. A-onderwyseres nie so goed by st. I aanpas nie, en omgekeerd" (6). Dat al drie belangrike redes is, ly geen twyfel nie.

(ii) In tabel 25 word die vier vernaamste redes verstrek waarom die 68 respondente op vraag 5 Nee geantwoord het, m.a.w. waarom hulle ten gunste van „vertical grouping" is. Ander belangrike redes wat genoem is, is die volgende: „Die leerlinge raak gewoon aan hul onderwyseres se metodes en gewoontes; gevolglik vorder hulle vinniger" (4 respondente); „dit is vir enige onderwyseres goed en vir haar werk voordelig as sy van die werk in al drie die kindertuinklasse ondervinding het" (8); „daar is meer geleentheid vir samewerking tussen die onderwyseres en die ouers van haar leerlinge" (2). Ofskoon laasgenoemde rede deur net twee respondente aangevoer is, is dit onteenseglik een van die grootste voordele van hierdie stelsel dat 'n onderwyseres en die ouers van haar leerlinge mekaar beter leer ken en beter kan saamwerk as sy drie jaar lank dieselfde leerlinge onder haar sorg het. Mev. Lawson beklemtoon dit ook: „The parent-teacher relationship was usually good, since the mother always saw the same teacher and got to know her well."[59)]

(c) <u>Verdere bespreking en gevolgtrekking</u>.

In een- en tweemanskole is dit onvermydelik dat leerlinge van subst. A tot st. I in dieselfde onderwyser(es) se klas sal wees, en in middelbare skole en klein hoërkole

---

59) Lawson, E.M., op. cit., p. 1357.

met primêre afdelings is dit ook gewoonlik die geval, maar in groot skole word dié stelsel nie dikwels aangetref nie. Nie alleen is 76.6% van die 291 leerkragte wat vraag 5 in die vraelys beantwoord het,[60] ten gunste daarvan dat 'n onderwyseres elke jaar vir dieselfde standerd (en nie dieselfde klas) onderwys gee nie, maar die hoofde van al vier die voorbereidingskole in Noord-Kaapland wat die vraelys beantwoord het, is ook dié mening toegedaan. Dat daar voordele aan „vertikale groepering" verbonde is, kan nie ontken word nie. Daar is egter geen bewys dat dit beter is as die stelsel wat algemeen in Kaaplandse skole aangetref word nie. Voordat dít nie deur navorsing bewys is nie, kan daar nie aanbeveel word dat die beproefde stelsel deur 'n nuwe vervang word nie.

6. Bekwaamheidsgroepering.

(a) Vraag 7. Is u ten gunste daarvan dat kindertuinklasse in bekwaamheidsgroepe verdeel word?

TABEL 26.

IS U TEN GUNSTE VAN BEKWAAMHEIDSGROEPE?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 223 | 84.5 |
| Nee | 20 | 7.6 |
| Weet nie/kan nie sê nie | 21 | 7.9 |
| TOTAAL | 264 | 100% |

Soos uit tabel 26 blyk, is 84.5% van die 264 respondente ten gunste daarvan dat kindertuinklasse in bekwaamheidsgroepe verdeel word, terwyl slegs 7.6% daarteen is en 7.9% geen besliste mening daaromtrent het nie. Die volgende is ook vermeldenswaardig:

60) Sien tabel 23.

(i) Met uitsondering van een is ál 40 die respondente wat aan voorbereidingskole verbonde is, ten gunste van bekwaamheidsgroepering; en 96.2% van die 104 onderwyseresse met kindertuinopleiding wat die vraag beantwoord het, is ook ten gunste daarvan.

(ii) Die 20 respondente wat nie ten gunste van bekwaamheidsgroepering is nie, is merendeels jong onderwyseresse wat nie kindertuinopleiding gehad het nie en nog baie min onderwysondervinding het.

(iii) Een ervare onderwyseres wat nie ten gunste van bekwaamheidsgroepe is nie, het bygeskrywe: „Dit klink pragtig in teorie, maar is baie moeilik om met sukses toe te pas."

Kindertuininspektrises moedig die onderwyseresse gewoonlik aan om hul leerlinge in bekwaamheidsgroepe te verdeel en sommige dring daarop aan dat dit moet geskied. In haar verslag oor die jaar 1950 het mej. E.M. Olivier al gemeld dat groepwerk „baie doeltreffender" gedoen word as voorheen en het sy verdere wenke aan die hand gedoen.[61)] In die lesingreeks van die Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg verskyn daar 'n lesing deur mej. S. la Grange, Hoofinspektrise van Kleinkinderskoolmetodiek, waarin sy die doel van groepering skets en die „organisasie van groepwerk" verduidelik.[62)]

Oorsee word daar baie oor bekwaamheidsgroepering geskrywe en al die skrywers is ook nie ten gunste daarvan nie. Hildreth doen wenke aan die hand oor die wyse waarop 'n klas in groepe verdeel kan word,[63)] Bloom beklemtoon onder meer die waarde wat groepering vir skugter of senuweeagtige

---

61) Die Onderwysgaset, 50 : 2129, 8 Nov. 1951.

62) La Grange, S. Groeponderwys. (In Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Kleinkinderonderwys. Lesingreeks nr. 5, p. 9 - 12.

63) Hildreth, Gertrude. Readiness for school beginners, p. 209 - 210.

kinders kan hê[64] en sowel Phyllis Edwards[65] as R. West[66] bespreek die voor- en nadele aan bekwaamheidsgroepering verbonde.

Ook in „Educa", amptelike orgaan van die Suidwes-Afrikaanse Onderwysersunie, verskyn daar 'n artikel waarin mev. D.C. Stolz die voor- en nadele van groeponderwys breedvoerig bespreek. Sy erken dat daar grondige besware teen die stelsel bestaan, maar meen tog dat die probleme opgelos kan word en bied trouens oplossings aan vir die probleme wat sy noem.[67]

Ten spyte van die feit dat 84.5% van die respondente ten gunste van bekwaamheidsgroepering is, kan dit nie sonder voorbehoud aanbeveel word nie. Tereg skryf Spitzer: „The organization and direction of such group study within a class requires superior teaching skill and a wealth of instructional materials".[68] Mev. Stolz verklaar ook dat die stelsel geweldige hoë eise aan leerkragte stel, „en dit vereis insig en goeie ervaring of baie deeglike opleiding om hierdie mooi ideale tot hul reg te laat kom." Sy beveel dan aan dat kortkursusse in kleinkinderonderwys gereeld gehou word, sodat die stelsel daar op praktiese wyse onderrig kan word, „dit wil sê groepsonderwys moet met 'n volle klas gedemonstreer word."[69]

Slegs onderwyseresse wat deeglike opleiding in bekwaamheidsgroepering gehad het of ten minste baie duidelike

---

64) Bloom, R. Advantages of grouping. Elementary English, 41 : 160, Febr. 1964.

65) Edwards, Phyllis O. Ability grouping — yes or no? Grade Teacher, 81 : 60+, Sept. 1963.

66) West, R. Individual differences among teachers — another key to curriculum development. The Elementary School Journal, 64 : 363 - 5, Apr. 1964.

67) Stolz, D.C. Voor- en nadele van differensiasie in aanvangsonderwys. Educa, 16 : 63 - 65, Maart 1965.

68) Spitzer, H.F. Teaching arithmetic. (In What research says to the teacher, 2, p. 17.)

69) Stolz, D.C., op. cit., p. 65.

leiding in verband daarmee gekry het, kan verwag om sukses te behaal. Wanneer sodanige onderwyseresse beskikbaar is, en slegs dan, kan bekwaamheidsgroepering aanbeveel word. Dit is maklik genoeg om die leerlinge in 'n klas in drie groepe te verdeel, maar dit is nie so maklik om teen die einde van die jaar min of meer dieselfde standaard met die verskillende groepe te bereik nie. Hiervoor is inderdaad „superior teaching skill" nodig.

(b) Vir watter vakke word daar gegroepeer?

In vraag 8 is die leerkragte wat ten gunste van bekwaamheidsgroepering is, gevra om te meld vir watter vakke hulle groepeer. Die vraag is deur 202 leerkragte beantwoord en hul antwoorde word in tabel 27 opgesom.

TABEL 27.

VIR WATTER VAKKE GROEPEER U?

| Vakke | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Lees | 202 | 100 |
| Getalwerk | 189 | 93.6 |
| Skrif | 39 | 19.3 |
| Spel/klank | 5 | 2.5 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 202 | |

Vraag 8 is in werklikheid deur 207 leerkragte beantwoord, maar vyf se antwoorde moes buite rekening gelaat word, aangesien hulle die vraag klaarblyklik verkeerd verstaan het. Dit is naamlik vyf onderwyseresse in een- en tweemanskole wat gemeen het hulle moet meld vir watter werk hulle subst. A, subst. B en st. I saam groepeer.

Daar was dus 202 respondente wie se antwoorde in berekening gebring kon word. Soos uit tabel 27 blyk, is hulle almal (100%) ten gunste daarvan dat leerlinge vir lees in bekwaamheidsgroepe verdeel word en is 93.6% ten gunste van groepering vir getalwerk, terwyl slegs 19.3% vir skrif en 2.5% vir spel of klankwerk groepeer.

Dit is verbasend dat die persentasie ten opsigte van skrif so laag is, te meer daar onderwyseresse gewoonlik deur kindertuininspektrises aangemoedig word om vir lees, getalwerk én skrif te groepeer.[70] Dit is ook die aanbeveling van mej. A. Kasselman en mev. A. Burger, twee ervare kindertuinonderwyseresse.[71] Ofskoon spel (standerd I) en klank (substanderds A en B) nie so dikwels in verband met bekwaamheidsgroepering genoem word nie, sou 'n mens tog verwag dat meer as 2.5% van die leerkragte wat ten gunste van groepering is, dit ten opsigte van spel/klank sal aanwend. Dat die persentasies met betrekking tot lees en getalwerk so hoog is, is begryplik.

(c) <u>Vraag 9</u>. Indien u klas in bekwaamheidsgroepe verdeel is, is die verskillende groepe gedurende 'n lesuur met <u>dieselfde vak</u> besig?

<u>TABEL 28.</u>

<u>IS DIE BEKWAAMHEIDSGROEPE GEDURENDE 'N LESUUR MET DIESELFDE VAK BESIG?</u>

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (a) Altyd | 53 | 29.5 |
| (b) Gewoonlik | 107 | 59.4 |
| (c) Selde | 17 | 9.4 |
| (d) Nooit | 3 | 1.7 |
| TOTAAL | 180 | 100% |

Uit tabel 28 blyk onder andere dat 9.4% van die 180 respondente se bekwaamheidsgroepe selde en 1.7% nooit gedurende 'n lesuur met dieselfde vak besig is nie. Veral vir laasgenoemde groepie se werkwyse is daar geen regverdiging nie, maar aan die ander kant is dit ook eienaardig dat net 29.5% van die respondente se bekwaamheidsgroepe altyd met dieselfde vak besig is. Dit is

---

70) Vgl. La Grange, S., op. cit, p. 10.

71) Kasselman, A. & Burger, A. 'n Onder-onsie oor groeponderwys in die kindertuin. (<u>In</u> Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Kleinkinderonderwys. Lesingreeks nr. 4, p. 28 - 31.)

iets waarop nagenoeg alle kindertuininspektrises baie sterk aandring en mej. S. la Grange, die huidige hoofinspektrise, stel dit onomwonde en baie duidelik:

> Al die groepe is gedurende 'n lesuur met dieselfde vak besig. Daar is dus afsonderlike lesure vir reken, lees en skrif, en gedurende elk van die lesure is al die groepe in die klas besig met een of ander vorm van òf reken- òf skryf- òf leeswerk.[72]

Mej. La Grange se standpunt is opvoedkundig gesond en heel waarskynlik was die meeste van die betrokke respondente maar net huiwerig om 'n kruisie in die blokkie teenoor „altyd" te maak omdat hulle nie 'n verkeerde indruk wou skep nie. Ons vermoede word gesterk deur die volgende opmerking van 'n ervare onderwyseres langs haar antwoord (sy is aan 'n voorbereidingskool verbonde): „My groepe is altyd met dieselfde vak besig, maar omdat kinders soms iets anders doen wanneer hulle werk klaar is, word my kruisie liewers teenoor ‚gewoonlik' gemaak." Indien ons vermoede korrek is, beteken dit dat 'n baie hoë persentasie, moontlik selfs 88.9% (29.5 + 59.4), van die respondente se bekwaamheidsgroepe gedurende 'n lesuur altyd met dieselfde vak besig is.

(d) In vraag 10 is die leerkragte wat hul klasse in bekwaamheidsgroepe verdeel, gevra of dit soms gebeur dat leerlinge wie se vordering, of gebrek aan vordering, dit nodig maak, na 'n ander groep oorgeplaas word.

TABEL 29.

WORD LEERLINGE SOMS VAN EEN BEKWAAMHEIDSGROEP NA 'N ANDER OORGEPLAAS ?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 221 | 97.8 |
| Nee | 5 | 2.2 |
| TOTAAL | 226 | 100% |

72) La Grange, S., op. cit., p. 10.

Tabel 29 toon aan dat feitlik al die respondente (97.8%) leerlinge van een groep na 'n ander oorplaas. Die 40 respondente wat aan voorbereidingskole verbonde is, het sonder 'n enkele uitsondering Ja geantwoord op vraag 10, en dieselfde geld vir die 98 respondente wat kindertuin-kwalifikasies besit.

Om te kan slaag, móét bekwaamheidsgroepering elasties wees - „flexible", soos Dawson en Bamman dit noem.[73] In 1956 het die Liebenberg-komitee aanbeveel dat aanvangsklasse in minstens drie groepe geklassifiseer word, en het daarop laat volg:

> So 'n klassifikasie kan nie volmaak wees nie en na gelang van 'n bepaalde kind se vordering en verdere ontwikkeling kan en behoort her-klassifikasie te eniger tyd te geskied.[74]

Mej. A. Kasselman en mev. A. Burger beveel ook aan dat die kinders „tussen die groepe heen en weer verskuif (word) namate hulle vorder of nie vorder nie"[75] en in 'n verslag van 'n toespraak deur mej. S. la Grange word dit só gestel:

> As the year progresses, the teacher will find that the groups change, for children who found no difficulty in Sub. A because they started at 6½, may not show so well in Sub B as the work becomes harder.[76]

Hierdie opvatting is in ooreenstemming met die beskouing van bekende opvoedkundiges in oorsese lande.[77]

7. In vraag 11 is die leerkragte gevra of hulle ten gunste van toetse/eksamens in die substanderds is.

---

73) Dawson, Mildred A. & Bamman, H.A. Fundamentals of basic reading instruction, p. 58.

74) Verslag van die Liebenberg-komitee, 1956, p. 7.

75) Kasselman, A. & Burger, A., op. cit., p. 29.

76) Education, 71 : 295, Okt. 1961.

77) Vgl. Hildreth, Gertrude. Teaching reading, p. 210.

TABEL 30.

IS U TEN GUNSTE VAN TOETSE/EKSAMENS IN (a) SUBST. A; (b) SUBST. B?

| (a) Substanderd A | | | (b) Substanderd B | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal leerkragte | % | | Aantal leerkragte | % |
| Ja | 158 | 71.8 | Ja | 205 | 91.1 |
| Nee | 62 | 28.2 | Nee | 20 | 8.9 |
| TOTAAL | 220 | 100% | TOTAAL | 225 | 100% |

Wat subst. A betref, blyk uit tabel 30 dat byna driekwart van die 220 respondente (71.8%) ten gunste van toetse/eksamens in die leerlinge se eerste jaar op skool is.

Eksamens volgens die gewone gebruik van die woord (kwartaallikse of eindeksamens) kan daar in subst. A eintlik nog nie wees nie en, soos verskeie respondente ook deur middel van opmerkings langs hul antwoorde aangedui het, bedoel hulle met toetse nie net toetse wat aan die einde van die jaar vir klassifikasiedoeleindes afgeneem word nie, maar periodieke toetsies dwarsdeur die jaar. As ons dit só beskou, is dit geensins verbasend dat 'n hoë persentasie (71.8) van die respondente ten gunste van toetse in subst. A is nie. Die ander 28.2% stem blykbaar saam met mej. E.D. Aitken, van die Skoolkliniek in Bellville, wat twyfel of toetse en eksamens in die kindertuinstadium noodsaaklik is en vra wat daardeur bereik word. Volgens haar word die kinders „maar net getoets volgens 'n uniforme standaard, en die onderwyseres weet tog vooruit reeds watter van haar kinders dit met welslae kan aflê en watter nie."[78] Ons kan nie heeltemal met mej. Aitken saamstem nie. Dit sou weliswaar onverstandig van 'n skoolhoof of 'n inspekteur van skole wees om nie besonder baie waarde aan 'n onderwyseres se aanbeveling te heg nie, maar aan die ander kant kan klassifikasie nie bloot op grond van haar subjektiewe

---

78) Aitken, E.D. Probleme van die kindertuin. (In Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Kleinkinderonderwys.. Lesingreeks nr. 2, 2e dr., p. 14.)

indruk van haar leerlinge geskied nie. Daar moet tog toetspunte voorgelê word; anders kan daar in 'n skool en veral in 'n inspeksie-omgang geen sprake van 'n standaard wees nie.

Met betrekking tot subst. B toon tabel 30 aan dat 91.1% van die 225 respondente ten gunste van toetse of eksamens is. Dit is glad nie verbasend dat verreweg die meeste respondente ten gunste van toetse of eksamens in subst. B is nie; dit is net nie duidelik hoe die orige 8.9% ten opsigte van elke leerling in die klas vasstel watter vordering daar in elke vak gemaak of nie gemaak is nie.

8. Vraag 12. Indien daar toetse of eksamens in die kindertuin afgeneem word, moet punte toegeken word, of slegs simbole?

TABEL 31.

MOET DAAR PUNTE TOEGEKEN WORD, OF SLEGS SIMBOLE?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Punte | 195 | 67.5 |
| Simbole | 94 | 32.5 |
| TOTAAL | 289 | 100% |

Uit tabel 31 blyk dat 67.5% van die 289 respondente ten gunste daarvan is dat, waar daar toetse of eksamens in die kindertuin afgeneem word, punte toegeken word, terwyl 32.5% (d.w.s. byna een-derde) slegs simbole wil toeken.

In die tradisionele skool is daar in al die klasse, ook in die substanderds, punte toegeken, persentasies en klasposisies is daarop bereken en rapporte met dié gegewens is aan die ouers gestuur. Hierteen het daar egter sowat 30 - 40 jaar gelede stemme begin opgaan en met verloop van tyd is veral met betrekking tot die kindertuinklasse daarop aangedring dat nie net klasposisies nie, maar ook punte op die rapporte heeltemal uitgeskakel moet word.[79] Dit is teen hierdie

agtergrond

79) Vgl. Olivier, E.M. Ons moeilikhede in die kindertuin. Die Unie, 52 : 317, Mei 1956.

dat vraag 12 in die vraelys gesien en die gegewens in tabel 31 beoordeel moet word, want dit toon aan dat ruim twee-derdes van die betrokke leerkragte nie ten gunste daarvan is dat punte deur simbole vervang word nie.

Elf respondente het langs hul antwoorde geskrywe dat hulle punte toeken, maar op die leerlinge se rapporte slegs simbole verstrek. Oor die vraag of daar op rapporte punte of simbole ingevul moet word, bestaan daar geen eenstemmigheid in Kaaplandse skole nie, en die verskil van mening is begryplik. Hoe diegene wat puntetoekenning geheel en al wil uitskakel, egter aan die einde van die jaar hul klasbylaes vir bevorderingsdoeleindes voltooi sonder om punte te verstrek en nietemin aan al die leerlinge reg laat geskied, is vir ons nie duidelik nie.